

#nalibaliwrad2024



# Wêrelddag vir Hardop Lees

## saam met Nal'ibali





Sluit aan by duisende deelnemers hierdie Wêrelddag vir Hardop Lees, **7 Februarie 2024** – en elke dag – terwyl ons ons spesiale storie vir soveel kinders as moontlik hardop lees, en help so om geletterdheid in Suid-Afrika te bevorder! Ons spesiale storie, *Die verlore katjie*, is geskryf deur Stacey Fru en geïllustreer deur Rico. Die storie is in al 11 amptelike Suid-Afrikaanse tale beskikbaar. Jy kan hierdie storie hardop lees vir kinders wat 6 jaar en ouer is. Gebruik ons spesiale **Vroeë Jare Wêrelddag vir Hardop Lees**-storiekaart vir jonger kinders.

### Berei voor om die storie hardop te lees

- Leer die storie goed genoeg ken sodat jy dit kan oorvertel of op jou eie manier hardop kan lees.
- Dink na oor hoe jy die storie lewendiger kan maak. Besluit watter gesigsuitdrukkings en gebare jy wil gebruik.
- Kies 'n tyd van die dag om die storie te vertel wanneer jou hele gesin bymekaar is.
- Vind dele van die storie waar jou kinders kan aansluit, byvoorbeeld, hulle kan die geluide maak wat die katjie en hond maak.
- Oefen om die storie hardop te vertel of te lees.



### Voordat jy die storie hardop lees

- Lees die titel van die storie. Vra jou kinders waaroor hulle dink die storie gaan.
- Vra vrae wat hulle sal help om die gedagtes en gevoelens van die karakters in die storie te verstaan.

**Idees om oor te praat:** Het jy of iemand wat jy ken 'n troeteldier? Hoe sal jy voel as die troeteldier weggeraak het? Wat kan jy doen om die verlore troeteldier te probeer vind? Hoe sal jy voel as jy dit weer gevind het?



### Terwyl jy die storie hardop lees

- Terwyl jy die storie lees, vra vir jou kinders vrae daaroor. *"Wat dink jy gaan volgende gebeur?"* is 'n goeie vraag om kinders se voorspellingsvaardighede te ontwikkel, wat baie belangrike geletterdheidsvaardighede is.
- Laat hulle deelneem deur die geluide te maak wat die diere maak.





Belowe om hierdie **Wêrelddag vir Hardop Lees** – en elke dag – as 'n gesin saam hardop te lees. Teken in by **www.nalibali.org** of WhatsApp die woord **"WRAD"** na **0600 44 22 54**. Elke gesin wat inskryf, sal die geleentheid hê om by **Nal'ibali se gesinsleesreis vir Wêrelddag vir Hardop** aan te sluit. Julle sal bykomende stories ontvang asook wenke en idees oor hoe om deur die hele jaar saam met julle kinders te lees.

# Die verlore katjie

## Storie deur Stacey Fru ◎ Illustrasies deur Rico

Vrydagmiddag het Neo en Bella in Neo se tuin gespeel. Noodle het rustig in die son geslaap.



Skielik het Noodle opgespring en begin blaf. *Woef, woef, woef!*


“Wat is fout, Noodle?” het Bella gevra.

Toe hoor hulle nog ’n geluid uit die bosse kom. *Miaau, miaau, miaau!* ’n Klein gemmerkatjie het onder ’n bos uitgekruip. Bella het vinnig soontoe gehardloop en die katjie baie versigtig opgetel. “Kyk na haar oulike harige gesig,” het sy gesê terwyl sy vir Neo gewys het.

“En sy het ’n mooi blou halsband om haar nek,” het Neo gesê.

Noodle wou ook sien, maar sy geblaf het die katjie bang gemaak, en daarom het Neo en Bella die katjie binnetoe gevat.






“Ma, Pa, kyk! Ons het ’n katjie in die tuin gekry!” het Neo geskree toe hulle by die sitkamer inhardloop.

“Ons dink sy is verlore, maar sy moet aan iemand behoort, want sy het ’n blou halsband om haar nek,” het Bella gesê.

Pa het opgekyk uit die boek wat hy vir Mbali voorgelees het. “Ons moet probeer om die eienaars te vind. Hulle is seker baie bekommerd dat hulle hulle katjie verloor het,” het hy gesê.

“Dit is te laat om hulle vanaand te vind,” het Ma gesê. “Maar môreoggend kan ons plakkate maak oor die verlore katjie en dit opsit. Dalk sal die eienaar die plakkate sien.”

Terwyl Ma saam met Bella en Noodle huis toe gestap het, het Neo ’n skoenboks en ’n ou trui gevind om ’n gemaklike bed vir die katjie te maak. Pa het haar gevoer en vir haar ’n groot bak skoon water gegee. Gou het die katjie ’n vol maag gehad en was sy vas aan die slaap.



Vir meer stories, besoek www.nalibali.org of whatsapp “stories” na 0600 44 22 54.

Saterdagoggend het Bella baie vroeg opgedaag. "Ek het papier en kryte gebring om plakkate te maak," het Bella gesê terwyl sy vir die katjie 'n drukkie gegee het.

"Kom ons begin!" het Neo gesê.

Nadat hulle vier plakkate gemaak het, het Pa gesê: "Ek dink dit is genoeg. Kom ons gaan sit hulle op."

Eers het hulle biblioteek toe gegaan, toe is hulle winkel toe en op pad huis toe het die buurvrou hulle 'n plakkaat op haar hek laat sit. Hulle het een plakkaat gehou en dit Maandag op die skool se kennisgewingbord gesit.



Dinsdagmiddag het Neo, Bella, Noodle en die katjie in die sitkamer gespeel. *Klop, klop, klop!* Daar was iemand by die deur.

Neo het gehardloop om die deur oop te maak.

"Wie is dit, Neo?" het Bella gevra.

Noodle het opgewonde geblaf.

Al die geraas het die katjie so bang gemaak dat sy weggehardloop het en onder die bank gaan weggekruip het.

"O, hallo," het Neo gesê toe hy 'n meisie wat hy nog nie voorheen ontmoet het nie, by die deur sien staan.

"Hallo, my naam is Gina," het die meisie gesê. Sy het bekommerd gelyk. "Ek het julle plakkaat by die biblioteek gesien. Ek dink die katjie wat julle gevind het, kan dalk myne wees. Haar naam is Ginger, en sy het 'n blou halsband om haar nek."



Bella se hart het 'n slag geslaan. Sy wou regtig die katjie hou, maar sy het geweet dat Gina baie bekommerd moes gewees het oor haar katjie. "Kom in," het Bella gesê.

Maar toe hulle by die sitkamer instap, kon hulle die katjie nêrens sien nie. "Ag nee!" het Bella gesê. "Ek hoop nie die katjie is weer weg nie!"

Neo, Bella en Gina het oral in die sitkamer gekyk, maar hulle kon die katjie nêrens kry nie. Gina het baie hartseer gelyk.

Toe hoor hulle Noodle in die kombuis. *Woef, woef!* Dit is gevolg deur 'n harde *SLAG!*

Die kinders het vinnig na die kombuis gehardloop. Daar sit die katjie. Sy het haar waterbak omgestamp toe Noodle geblaf het en was nou baie nat.



Bella het haar opgetel en vinnig drooggemaak. Toe gee sy die katjie vir Gina. *Spin, spin, spin*. Die katjie was baie gelukkig!

"Ginger! Ek het jou gemis," het Gina gesê terwyl sy vir haar katjie 'n drukkie gegee het. Sy was ook baie gelukkig. "Dankie dat julle so goed na haar gekyk het, Bella en Neo."

"Ek is bly dat jy jou katjie gevind het," het Bella gesê. "Maar ek is 'n bietjie hartseer dat ons Ginger nie weer sal sien nie."

Neo het sy arm om Bella se skouer gesit. Hy kon sien dat sy op die punt was om te huil.

"O, moenie bekommerd wees nie!" het Gina gesê. "Ons woon naby. Julle is welkom om Ginger te kom besoek wanneer julle ookal wil."

Bella se gesig het verlig. "Dankie!" het sy gesê. "Ek en Neo sal graag môremiddag wil kom kuier."


"Maar," het Neo gesê "ek dink Noodle moet by die huis bly." En almal het saamgestem dat dit waarskynlik 'n baie goeie idee was.




**Nadat julle die storie saam gelees het, praat oor wat in die storie gebeur het. Vra oop vrae om jou kinders aan te moedig om na te dink en te praat oor idees wat met die storie verband hou, byvoorbeeld: "Wat is jou gunstelingdeel van die storie?" As jy ouer kinders het, moedig hulle aan om meer uit te vind oor verskillende soorte troeteldiere en hoe om vir hulle te sorg.**

## Raak doenig met stories!

- Teken 'n prentjie van jou gunstelingdeel van die storie.
- Voer gerus hierdie storie of 'n deel daarvan saam met 'n groep van jou vriende en familie op. Julle kan selfs iemand laat voorgee dat hy Ginger en Noodle is. Gebruik aksies, woorde en stemme om dit lekker te maak!
- Maak 'n plakkaat van jou troeteldier of 'n troeteldier wat jy graag wil hê. Teken 'n prentjie van jou troeteldier. Skryf of vra iemand om jou te help om die grootte, kleur en naam van jou troeteldier neer te skryf.







Deel foto's en video's van jou en jou kinders wat die stories en aktiwiteite vir Wêrelddag vir Hardop geniet **#nalibaliwrad2024** op ons sosiale media!

TheNalibaliChannel | nalibaliSA | @nalibaliSA | @nalibalisa

@nalibalisa | nalibalisa | The Nal'ibali Trust | +27 64 801 5496

**Nal'ibali (isiXhosa vir "hier is die storie") is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Ons visie is 'n Suid-Afrika waar elke kind elke dag 'n storie geniet.**



Nal'ibali DIT BEGIN MET 'N STORIE.

Afrikaans